GAUTENG DEPARTEMENT OF EDUCATION

# KULTUURBELEID

## LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

# KULTUURBELEID
## Hersien vir 2026

Laer Volkskool se Kultuurkomitee bestaan uit:

- Juffrou Lizelle Brits (Kultuurhoof)
- Juffrou Sanet Strydom
- Juffrou Driena Spykerman
- Juffrou Sarita Sprong
- Juffrou Chané Ostmann
- Juffrou Monica Gildenhuys

**1. Visie**

Ons visie is om elke leerder bekend te stel aan die ryke kultuurverskeidenheid van ons land, respek en waardering vir ander kulture aan te kweek en stewig gewortel te wees in die kultuur eie aan onsself.

**2. Missie**

Dit is noodsaaklik dat kultuur, akademie en sport gelykwaardige ruimte en tyd gegun word ten einde gebalanseerde leerders op te voed. Leerders word blootgestel aan 'n wye spektrum van kultuuraktiwiteite en leer daardeur liefde vir die kunste, deursettingsvermoë, selfdissipline en 'n gebalanseerde persoonlikheid aan. Ons strewe daarna dat elke leerder ook sy/haar volle potensiaal op kultuurgebied sal bereik.

**3. Kultuuraktiwiteite**

3.1. Die volgende aktiwiteite word binne-skoolverband aangebied:

- Koor (Junior en Senior)
- Redenaars (Afrikaans en Engels)
- Spreekkoor (Junior en Senior)
- Revue

3.2. Erkenning word slegs vir die volgende Eisteddfods gegee, inskrywings kan privaat of deur die skool geskied:

- Heidelberg Eisteddfod
- Suikerbosrand Eisteddfod
- Dell'Arte Kunstefees (Boksburg/Brakpan)

3.3. 'n Instansie word slegs binne skoolverband erken MITS die skool amptelik daarmee geaffilieer is.

## 4. Beskrywing van Interne Kultuuraktiwiteite

### 4.1. Seniorkoor

Die doel van die Seniorkoor is om koorklanke voort te bring op só 'n wyse dat dit 'n liefde vir sang en koormusiek by die leerders ontwikkel. Die Seniorkoor streef daarna om 'n uitstalvenster vir Laer Volkskool te wees en ook om ten alle tye as ware ambassadeurs van ons skool op te tree. Dit is ons strewe om kwaliteit koorsang te lewer.

Die Seniorkoor neem jaarliks aan verskeie kunswedstryde, koorfeeste en ander optredes deel. Die Seniorkoor bestaan uit Graad 4 tot Graad 7 leerders. Leerders moet 'n oudisie aflê en alhoewel alle leerders aangemoedig word om deel te neem, is suiwer stemme tóg belangrik.

**Koordrag**:

Meisies: Lang swart "jazz pants" wat deur die leerder aangekoop word. Die skool is verantwoordelik vir die bestelling daarvan. Die "jazz pants" word die leerder se eiendom. 'n Langmou swart koorhemp behoort aan die skool. Swart sykouse en swart "pumps" word deur die leerder self aangeskaf.

Seuns: Swart koorhemp wat aan die skool behoort. 'n Swart langbroek moet self aangeskaf word. Skoolskoene en swart kouse word hierby aangetrek.

Koorlede kry erkenning vir deelname aan die koor. Indien 'n koorlid meer as 3 keer afwesig was van kooroefening sonder 'n geldige verskoning, sal die betrokke koorlid nie erkenning vir die koor ontvang nie. Indien 'n koorlid meer as 2 optredes mis, sal 'n koorlid geen erkenning ontvang nie. Slegs koorlede wat die hele jaar deelneem kry erkenning. Indien 'n koorlid hom/haarself nie onderwerp aan koorreëls ten opsigte van dissipline tydens oefening nie, sal dit die koorleier se besluit wees om die betrokke leerder te vra om koordeelname te staak.

**Optredes:** Die koor neem aan koorfeeste en kunswedstryde deel.

### 4.2. Juniorkoor (Volkie Vinkies)

Die Juniorkoor bestaan uit Gr. 1 tot 3 leerders. Hierdie koor se doel is hoofsaaklik om kinders die liefde vir sang te leer. Leerders moet 'n oudisie aflê en alhoewel alle leerders aangemoedig word om deel te neem, is suiwer stemmetjies tóg belangrik. Die koor sing hoofsaaklik nét eenstemmig.

Koordrag:
Leerders skaf self 'n wit langmou knopieshemp met 'n kraag (skoolhemp) en 'n swart skoollangbroek (by Volkie Vere te kry) aan waarby swart kouse en skoolskoene gedra word.

Serpies, scrunchies en borsspeldjies word aan die dogters voorsien. Seuns kry 'n hout strikdas.

**Optredes:** Die koor neem aan koorfeeste en kunswedstryde deel.

Koorlede kry erkenning vir deelname aan die koor. Indien 'n koorlid meer as 3 keer afwesig was van kooroefening sonder 'n geldige verskoning, sal die betrokke koorlid nie erkenning vir die koor ontvang nie. Indien 'n koorlid meer as 2 optredes mis, sal 'n koorlid geen erkenning ontvang nie. Slegs koorlede wat die hele jaar deelneem kry erkenning. Verskonings moet vooraf gemaak word. Indien 'n koorlid hom/haarself nie onderwerp aan koor reëls ten opsigte van dissipline tydens oefening nie, sal dit die koorleier se besluit wees om die betrokke leerder te vra om koordeelname te staak.

**4.3. Junior Spreekkoor (Kwetterbekkies)**

Die Junior Spreekkoor bestaan uit Graad 1 tot 3 leerders. Leerders moet 'n oudisie aflê, maar alle leerders wat nie plek gekry het in die Juniorkoor nie, word aangemoedig om deel te neem. Oudisies vind plaas nadat die Juniorkoor aangekondig is. Leerders wat plek gekry het vir die Juniorkoor kan nie oudisie aflê vir Spreekkoor nie. Indien 'n spreekkoorlid meer as 2 optredes mis, sal 'n spreekkoorlid geen erkenning ontvang nie. Slegs spreekkoorlede wat die hele jaar deelneem kry erkenning.

**Optredes:** Ons neem deel aan kunswedstryde.

Leerders ontvang knopiepunte en kultuurpunte vir getroue deelname.

**4.4. Senior Spreekkoor**

Leerders in Gr. 4-7 kan aan die Senior Spreekkoor deelneem. Die Senior Spreekkoor word in twee groepe verdeel (Gr. 4&5 en Gr. 6&7).

**Optredes:** Ons neem deel aan kunswedstryde.

Leerders ontvang knopiepunte en kultuurpunte vir getroue deelname

## 4.5. Redenaars

Redenaars dra by tot die vorming van ons leiers vir die toekoms. 'n Redenaar leer om deur liggaamshouding, stem en taal sy standpunt oor te dra en sy gehoor te oortuig van sy siening. Redenaars vind binne skoolverband plaas.

Laer Volkskool bied dwarsdeur die jaar redenaars aan. 'n Interne kompetisie vind in die eerste kwartaal plaas waar leerders die geleentheid kry om vir 'n plek in ons redenaarsspan te praat. Die redenaarsspan neem aan die ATKV redenaarskompetisie, sowel as Interskole deel. Temas vir die kompetisie word vroegtydig gegee sodat leerders aan hulle toesprake kan werk. Die skool maak gebruik van ATKV-beoordelaars tydens redenaarskompetisies. Hier word gepoog om elke jaar ons top-redenaars uit te soek. Die senior leerders word gemotiveer en gelei om navorsing oor 'n onderwerp te doen en hul eie toesprake te skryf.

**Interne redenaars struktuur:**
**Kategoriee:**
Gr. 1-3
Gr. 4-5
Gr. 6-7

In elke kategorie word die top redenaars wat bo 75% behaal het in die skool se redenaarsspan opgeneem.

**Kompetisies: ATKV en Interskole**
Affiliasiefooie word deur die skool betaal, maar inskrywingsgelde word deur die ouers betaal. Ouers kan kostes oor twee maande afbetaal.

**Inskrywings vir Interskole:**
Alle leerders wat in die redenaarsspan opgeneem is kan aan Interskole deelneem. Slegs leerders wat deur die skool ingeskryf is word in aanmerking geneem vir kultuurpunte.

- Die betrokke kompetisie funksioneer nie volgens 'n gestandaardiseerde nasionale deelnamemodel nie, aangesien sekere provinsies aanlyn deelneem, en ander nie. Verder bestaan die kompetisie slegs uit 'n enkele rondte en bevat dit geen formele streeks-of provinsiale uitskakelrondtes nie. As gevolg hiervan word deelname aan hierdie kompetisie nie as 'n ewe gewigdraende beoordeling beskou nie.
- Die skool erken deelname derhalwe as 'n kultuuraktiwiteit van ligter gewig.
- Leerders ontvang slegs kultuurpunte, soos deur die kultuurbeleid bepaal. Geen erepenning of spesiale vermelding word in hierdie kompetisie toegeken nie.

**ATKV:**

- Juniors: Gr. 1-3: Top 12 leerders (Moet bo 75% behaal.)
- Seniors: Gr. 4-5: Top 12 leerders (Moet bo 75% behaal.)
  Gr. 6-7: Top 12 leerders (Moet bo 75% behaal.)

**Leerders mag SLEGS deur die skool ingeskryf word.**

Leerders word verder afgerig deur die betrokke organiseerders.

**Die ATKV redenaarskompetisie is ons gesaghebbende kompetisie en slegs hierdie leerders word vir die redenaarstrofee in aanmerking geneem.**

**4.6. Spanredenaars**

Leerders mag eie spanne vorm om by Interskole en aan Eisteddfods deel te neem. Inskrywings word deur die skool gedoen. Die span se item moet aan die kultuurkomitee voorgelê word voordat die inskrywings gefinaliseer word. Afrigting word deur die kultuurorganiseerder of privaatinstansie gedoen. Indien die span deur 'n privaatinstansie afgerig word is dit die verantwoordelikheid van die span om ten minste 3 keer vir oefeninge voor optredes by die kultuurorganiseerders uit te kom.

**4.7. Orators (Public Speaking):**

'n Interne kompetisie vind die eerste kwartaal plaas waar leerders die geleentheid kry om vir 'n plek te praat. Temas vir die kompetisie word vroegtydig gegee sodat leerders aan hulle toesprake kan werk. Die skool maak gebruik van buitebeoordelaars tydens interne kompetisie. Hier word gepoog om elke jaar ons engelse top-redenaars uit te soek. Spanne word op dieselfde wyse as Afrikaanse Redenaars saamgestel. Leerders wat bo 75% behaal kry dan die geleentheid om by Interskole asook die nuwe sport- en kultuurreeks deel te neem.

**4.8. Revue**

'n Revue word elke derde jaar deur die skool op die planke gebring. Ons doel is om **elke** leerder die geleentheid te gee om ten minste een of twee keer in hul laerskoolloopbaan deel te hê aan só 'n groot produksie. Leerders ontvang knopiepunte vir getroue deelname. 'n Vasgestelde bedrag word gevra om deel te neem. Die kostes word aangewend vir kostuums, dekor, beligting en klankopnames.

**4.9. Kunswedstryde (Eisteddfod)**

Kunswedstryde word deur die skool gekoördineer.

In ons doel om elke leerder ten volle te help ontwikkel op alle terreine, speel kunswedstryde 'n belangrike rol in die vorming van die kind se sosiale en emosionele ontwikkeling. Ons poog om soveel moontlik leerders bloot te stel aan dié tipe kompetisie. Leerders kry die geleentheid om in hul ouderdomsgroep in verskeie afdelings met mekaar mee te ding.

Leerders is self verantwoordelik vir individuele items se inskrywingsgelde. Die skool betaal wel vir groep-items wat kore en spreekkore betref.

Inskrywings vind op vasgestelde datums plaas. Daar is 'n afsnydatum vir inskrywings wat deurgegee word. Let wel dat **GEEN** laat inskrywings aanvaar word nie. Kunswedstryde vind plaas tussen April en September.

**5. Kultuuraktiwiteite buite skoolverband**

- Leerders wat vir aktiwiteite buite skoolverband, podiumplekke(1ste,2de,3de) by 'n **geregistreedrde** SA-kampioenskappe behaal het, kry spesiale vermelding tydens die bekroningsaand. Leerders moet hulle medaljes, en sertifikate na kultuurkomitee bring.

**6. BEKRONING : KRITERIA**

*** Knopiepunte = Kwartaallikse erkenning.**
*** Kultuurpunte = Jaarlikse bekroning doeleindes.**

**Doel: Bevordering van kultuur**
Erkenning word aan Laer Volkskool se kultuurleerders gegee vir prestasies wat hul op 'n sekere vlak bereik. Erkenning word slegs gegee onder normale omstandighede en nie wanneer daar onderbrekings ens. deur die jaar is nie. Die volgende kultuur organisasies se uitslae word in aanmerking geneem: (Rede – bekostigbaar en toeganklik)

- Heidelberg Eisteddfod
- Suikerbosrand Eisteddfod
- Dell'Arte Kunstefees
- Interskole (Word deur skool ingeskryf)
- ATKV (Word deur skool ingeskryf – gesaghebbende kompetisie)

**Algemeen:**

- Almal wat deelgeneem het aan die **Eisteddfod (Suikerbosrand, Heidelberg Eisteddfod en Dell'Arte Kunstefees)** ontvang 'n deelname sertifikaat mits hul die oorspronklike bewyse (**Sertifikaat en Kommentaar asook 'n afskrif van die gedig/toespraak/monoloog, ens)** getoon het aan die betrokke onderwyseres verantwoordelik.

Al die bogenoemde toekennings word uitgedeel tydens die Bekroningsaand. Deelname aan ander instansies word tydens saalopeninge uitgedeel.

**Trofees:**

**Die Kultuurtrofee** word toegeken aan die leerder wat voor die gegewe afsnydatum alle oorspronklike bewyse van deelname indien en die hoogste puntetelling volgens die prestasie toekennings bereik het. Kandidate moet aan 2 kultuur skoolaktiwiteite deelneem, veelsydig wees en aan ten minste drie genres by kunswedstryde deelneem. Vir elke kultuuraktiwiteit word gewig toegeken waarvan skoolaktiwiteite die meeste tel. Die leerder met die hoogste punte volgens gewig sal die Kultuurtrofee ontvang.

**Algehele beste redenaar (Bevordering van Afrikaans trofee)** word toegeken aan die redenaar wat die hoogste prestasie vir die jaar by die ATKV redenaarskompetisie bereik. Indien meer as een leerder dieselfde prestasie bereik word, deel hulle die trofee. Die organiseerders behou die reg voor om nie die trofee te oorhandig indien kriteria nie behaal word nie.

**Beste Interne skoolredenaar (Afr en Eng):** Die trofee word by die Interne Redenaarskompetisie bepaal.

**ALGEMEEN**

- Alle toekennings is onderhewig aan skoolaffiliasie en registrasie.

## Kultuurpunte en toekenning van balkies

**EISTEDDFOD**

5 deelname punte word eenmalig per Eisteddfod toegeken vir deelname, ongeag die hoeveelheid items waarvoor ingeskryf is.

**Suikerbos Eisteddfod, Heidelberg Eisteddfod en Dell'Arte Kunstefees**

4 punte vir brons (C en C+)
6 punte vir silwer (B en B+)
8 punte vir goud (A en A+)
10 punte vir diploma (A++ en A+++)

**'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt per item as hy/sy dieselfde item by verskillende Eisteddfods aanbied. 'n Maksimum van 100 punte kan by Eisteddfod verdien word.**

**INTERNE REDENAARS & INTERNAL Orators (PUBLIC SPEAKING)**
**Punte vir Afrikaanse en Engelse redenaars word onderskeidelik bereken en saam as EEN kultuurafdeling hanteer.**
5 punte vir Deelname
12 punte vir leerders wat in die skoolspan opgeneem word (bo 75%)
15 punte vir Algehele wenner (beste punte in fase: 1x grondslagfase en 1x intersenfase)
**'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt bereik.**

**REDENAARS**

**ATKV (Afrikaans): (Gesaghebbende kompetisie)**

5 punte vir Deelname aan die ATKV kompetisie
10 punte vir Streeksfinaal
20 punte vir Nasionaal
30 punte vir Podiumplek by Nasionaal (1-3) (Spesiale Vermelding: Erepenning)
**'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt bereik en MOET deur die skool ingeskryf het.**

**Interskole (Afrikaans & Engels)**

5 punte vir Deelname aan Interskole
15 punte vir Nasionaal
**'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt bereik en MOET deur die skool ingeskryf het.**

**Sport- en Kultuurreeks**

5 deelname punte elk vir Afrikaans en Engels.

**KOORDEELNAME / SPREEKKOOR**

30 kultuurpunte vir getroue deelname. Getroue bywoning van oefeninge en optredes is 'n vereiste. Weeklikse register sal gehou word vir bywoning van leerders.
**Geen punte word toegeken vir opeenvolgende jare se deelname nie.**

**25 knopiepunte per kwartaal vir getroue deelname asook 30 kultuurpunte word toegeken**

**REVUE**

100 knopiepunte vir deelname.

**PUNTE BEREKENING**:

| | |
|---|---|
| Balkie | 70-99 punte |
| Prestasie | 100-149 punte |
| Erekleure | 150+ punte |

**VOORVEREISTES BY EREKLEURE:**

Leerders moet aan **TEN MINSTE EEN** interne kultuuraktiwiteit deelneem. Bv. redenaars, revue, spreekkoor en koor.

**Junior Kultuurtrofee Punte Berekening**

Leerders moet aan ten minste twee kultuuraktiwiteit binne skoolverband deelneem.
Redenaars/ Spreekkoor / Junior Koor

| **Aktiwiteit** | **Totale kultuurpunte** | **Gewig** |
|---|---|---|
| Eisteddfod | Punt uit 100 | Word verwerk na 'n punt uit 33,3% |
| Redenaars (Afrikaans & Engels) | Punt uit 100 | Word verwerk na punt uit 33,3% |
| Spreekkoor/Junior Koor | 30 punte | Word verwerk na punt uit 33,3% |
| TOTAAL: | | Totale punt uit 100% |

**Senior Kultuurtrofee Punte Berekening**

Leerders moet aan ten minste twee kultuuraktiwiteite binne skoolverband deelneem.
Redenaars / Spreekkoor / Senior Koor

| **Aktiwiteit** | **Totale kultuurpunte** | **Gewig** |
|---|---|---|
| Eisteddfod | Punt uit 100 | Word verwerk na 'n punt uit 25% |
| Redenaars (Afrikaans & Engels) | Punt uit 100 | Word verwerk na punt uit 25% |
| Spreekkoor | 30 punte | Word verwerk na punt uit 25% |
| Senior Koor | 30 punte | Word verwerk na punt uit 25% |
| TOTAAL: | | Totale punt uit 100% |

**KULTUUR EREPENNING/SPESIALE VERMELDING**:
Leerders wat 4 jaar agtereenvolgens Erekleure verwerf, ontvang 'n Erepenning. Erepennings word eenmalig toegeken.

Podiumplek by geakkrediteerde Nasionale Kompetisies soos goedgekeur deur die bestuur.

| ***Recommended by:*** | ***Signature:*** | ***Date:*** |
|---|---|---|
| **PRINCIPAL (PRINT NAME):**<br><br>Mr P Strydom | | |
| **SGB (PRINT NAME):** | | |
| **IDSO (PRINT NAME):** | | |
| **SCHOOL STAMP:** | | |